# JEUGLES – Praise and Worship aand

1. **Ysbrekers**:

- Kyk gou na jou maatjie langs jou se hare, kyk of jy kan tel hoeveel hare daar op hulle kop is. Kan jy dit tel? Hoekom nie? Weet jy wat, daar IS iemand wat weet hoeveel hare jy op jou kop het! Wie kan dit wees?

  Hy sê in ***Matt 10:30*** – van julle is selfs die hare op julle kop almal getel.

- Kyk gou na jou maatjie langs jou se tone – hoeveel is daar – kyk na jou hand en sy/haar hand – lyk dit dieselfde? Hoekom nie? Want Iemand het jou gemaak, spesiaal, anders as enige iemand ander. Selfs Andre en Elandre lyk baie na mekaar, maar daar is goed aan elkeen wat anders is as die ander.

  ***Ps 139:13 sê***: U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.

**2. Wat is praise en worship en hoekom doen ons dit?**

Ek het nou maar net 'n klein bietjie vertel van hoe groot en amazing God is, daar is nog soveel meer wat ons oor Hom kan sê. Wanneer ons praise en worship maak ons God se naam groot deur te sing en te dans. Ons sê vir Hom hoe 'great' Hy is, en wat Hy vir ons beteken.

So wanneer ons praise en worship geniet ons onsself, en dis vir ons lekker, maar ons moet altyd onthou, dit gaan nie oor ONS nie. In die praise gedeelte maak ons God se naam net groot en ons dans en sing hard. Wanneer ons begin worship, raak ons rustig, die musiek raak oor rustig, want dis die tyd wanneer ons ons alles vir God kom gee, en wanneer ons die Heilige Gees baie keer kan voel

Hoe voel ons Hom – hoendervleis, jou lyf begin swaar te voel, partykeer voel jy 'n ligte windjie om jou sonder dat die fan aan is, of dat iemand verby jou geloop het.

So ons gaan vanaand lekker praise en worship – God se naam groot maak, ons gaan ook so paar goed tussen in doen, so ons gaan begin met Praise en dan sal ek sê wanneer ons stop en die volgende ding doen, dan weer sing, ens. GENIET dit vanaand!!

**3. PAISE:**

1. Joy
2. Alive
3. Hosanna
4. Popcorn
5. I reach up high

Hoe kan ek stilbly? Laat Juanita gou opkom en die liedjie vir hulle wys – ons gaan dit netnou saam met haar doen.

**4. U is …**

Kry gou vir jou 'n maatjie, en dink gou – as jy God moet beskryf, watter woord of woorde sal jy gebruik? Skryf dit op 'n papiertjie en EEN van julle gaan plak dit daar agter op die U is paneel.

**5. Dieper Praise:**

1. King of Majesty
2. I will follow
3. You are holy
4. It's time
5. Hoe kan ek stilbly

**6. Dankie JESUS vir…**

Ek wil hê julle moet sit. Dink sommer daar waar jy is, waaroor kan JY vanaand vir Jesus dankie sê? As jy voel jy het iets om voor dankie te sê, vat 'n papiertjie, skryf daarop en plak dit agter op die Dankie JESUS vir…

**7. Worship: Ek kom gee…**

Ons gaan nou begin worship, so ek wil vra dat julle kalm en rustig begin raak. Kom gou in julle groepe in, en ek wil hê dat julle vir die volgende deel by julle groepleier staan en sing.

Terwyl julle besig is met worship gaan ons julle groep vir groep deur die boilerrroom neem. Neem jou tyd terwyl jy daar binne is, as jy voel jy wil bietjie langer bly, of bietjie daar binne sit en met die Here praat is jy baie welkom, so groepleiers, kyk asb vir my, en as 'n kind bietjie wil vertoef, los hulle.

Hierdie volgende rukkie is jou tyd saam met die Here, nie tussen jou en jou maatjies nie. Laat toe dat die Heilige Gees met jou werk. As jy wil hê iemand moet vir jou bid, hier is 'n paar grootmense hier agter waarna jy kan kom en kom vra. Van hier af is dit

tussen jou en die Heilige Gees. Laat die Heilige Gees vanaand toe om met jou gees te praat. Ons laaste paneel is Ek kom gee… wanner jy reg is, kom skryf neer wat JY vanaand vir God kom gee, en gooi dit in die houer – ons sal dit later self opplak, so niemand gaan weet wat jy geskryf het nie.

Laat die Heilige Gees vir jou sê wat Hy graag van jou wil hê, bv. Jou hart, jou drank, jou geskinder, jou vuil taal, jou seks, jou liggaam om Sy tempel te word, jou pornografie. Maar asb, hierdie beteken dat jy hierdie goed gaan los, en jou ALLES vir God gee. As jy niks het of wil gee nie, moet eerder niks skryf nie, want hierdie is ernstige sake.

Kom en kom hê vanaand 'n ontmoeting met die Heilige Gees – want dit is wat Hy vanaand verlang, 'n ontmoeting met elkeen van ons!!!

**8. Worship**

1. Here for You
2. 10 000 reasons
3. Come
4. Awesome God
5. Lord I need You